BYBELSTUDIE OPENBARING LES 13 [BELOFTES SEWE BRIEWE].

Wat het ons tot dusvêr gedoen? Openbaring sit soos volg inmekaar:

1:1-3: Opskrif — In die opskrif van die boek lees ons dat dit die openbaring van Jesus Christus aan Johannes is. Elkeen wat die woorde van die profesie lees, moet dit ter harte neem.

1:4-6: Aanhef — Soos in 'n briefvorm destyds, lees ons in die aanhef wie die skrywer is: Johannes; wie die ontvangers is: die sewe gemeentes van Klein-Asië; en dan volg die gebruiklike groet in die Naam van die drie-enige God met lofbetuiging van Christus.

1:7-8: Tema — Die tema van die boek is die wederkoms van Jesus Christus.

1:9-20: Die Seun van die Mens verskyn aan Johannes:
Johannes wat op Patmos is, kry die opdrag om wat hy sien neer te skryf en dit aan die sewe gemeentes mee te deel. Hy sien die Seun van die Mens wat tussen die goue staanlampe staan.

2:1-3:17: Die sewe briewe:
Hy wat tussen die staanlampe staan, het boodskappe aan die sewe gemeentes gestuur. Soos gesien het elke brief 'n interessante vorm. Die skrywer het nie maar sonder plan of patroon geskryf nie. Elke boodskap bestaan uit 'n aanhef, 'n liggaam en 'n slot.

In die slot gedeelte van elke brief word 'n belofte gegee aan die gelowiges wat in die geloof oorwin. In les 13 kyk ons na hierdie beloftes wat nog nie in die vorige briewe behandel is nie.

BYBELSTUDIE OPENBARING LES 13 [2:1-3:22].

1. Aan die einde van elke brief is daar 'n belofte vir dié wat oorwin. Lees die onderste gedeeltes en voltooi die beloftes:
   Efese [2:7b]:

   Smirna [2:11b]:

   Pergamum [2:17b]:

   Tiatira [2:26,27,28]:

   Sardis [3:5]:

   Filadelfia [3:12a,12b,12c]:

   Laodisea [3:21]:

2. LEES: Openbaring 2:7b; Genesis 2:9; 3:22-24; Openbaring 2:2,14,19.
   Wie oorwin, sal eet van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is. Wat beteken hierdie belofte? Let op die boom van die lewe en die paradys.

3. LEES: Openbaring 2:11b; 20:6,14; 21:8; Jeremia 51:39,57; Jesaja 25:8.
   Wat is die tweede dood waarvan vers 11 praat?

4. LEES: Openbaring 2:17b [die verborge manna]; Eksodus 16:4,15; 32-34; Hebreërs 9:4.
   Waarheen verwys die verborge manna?

5. LEES: Openbaring 2:17b [spierwit klippie]; Genesis 32:28; Jesaja 62:2; 65:15.
   Wat is die moontlike betekenis[se] van die spierwit klippie met 'n nuwe naam daarop gegraveer?

6. LEES: Openbaring 3:21; 20:4; 22:5; Matteus 19:28.
   Wat beteken dit om saam met Christus op sy troon te sit?

ANTWOORDE.

1. Efese: Wie oorwin sal eet van die boom van lewe in die paradys.
   Smirna: Wie oorwin, sal nie deur die tweede dood getref word nie.
   Pergamum: Wie oorwin, sal van die verborge manna ontvang.

	Wie oorwin, sal 'n wit klippie kry.
Tiatira:	Wie oorwin, ontvang mag en gesag oor die nasies.
	Wie oorwin, sal met 'n ystersepter regeer.
	Wie oorwin, ontvang die môrester.
Sardis:	Wie oorwin, sal sulke wit klere dra.
	Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe verwyder nie.
	Ek sal voor my Vader en sy engele verklaar dat hy aan My behoort.
Filadelfia:	Wie oorwin, word 'n pilaar in die tempel.
	Dié pilaar sal vir altyd daar bly.
	Ek sal drie name op die pilaar skryf.
Laodisea:	Wie oorwin, sal saam met My op die troon sit.
	Wie oorwin, sal saam met my Vader op sy troon sit.

2. Die ‘boom van die lewe’ in die paradys was daar as simbool van God se teenwoordigheid. Net God het/besit die ewige lewe. Elke oorwinnaar in die geloof, ontvang waarna Adam en Eva in die paradys gesmag het: om te eet van die boom van die lewe [vgl. Op.22:2,14,19]. So word die boom van die lewe simbool van die ewige lewe en die volmaakte saamwees met God.
   Die woordjie ‘paradys’ is 'n Persiese woord wat ‘ommuurde tuin’ of Eden beteken. In die belofte van vers 7, dui die paradys op God en die Lam se ‘nuwe Jerusalem’ as ewige bestemming van die gelowiges wat volhard het. Só is die vloek van die ou tuin van Eden opgehef.
3. Die ‘tweede dood’ is 'n tipiese Joodse uitdrukking vir die dood van die goddelose en onregverdiges in die hiernamaals. Dit dui dus op die geestelike dood. Ten spyte van lyding en vervolging, kon die Christene van Smirna weet dat hulle wel natuurlik sal doodgaan, maar nie meer geestelik kan sterf nie.
4. Manna was vir die trekkende volk Israel die daaglikse wonderrantsoen [Eks.16:4,15]. Die verborge manna verwys waarskynlik na die manna wat as aandenking in die ark gehou is [Eks.16:32-34]. Dit moes die volk altyd aan God se voorsiening tydens die trektog herinner. Dit verwys in Openbaring na die hemelse brood, manna, is simbolies van God se versorgende gemeenskap in die lewe hierna. Die gelowige leef nou én in die toekoms uit die hand van God. God gee nou reeds die brood van die lewe, net soos Hy dit in die lewe hierna sal gee.
5. Volgens kenners is daar drie moontlike betekenisse vir die spierwit klippie. In die eerste plek verwys dit na 'n verhoor waar die regter destyds aan die aangeklaagde 'n klippie gegee het om sy uitspraak aan te kondig: 'n wit klippie het vryspraak beteken en 'n swarte dat hy skuldig bevind is.
   'n Tweede moontlikheid verwys na 'n klippie of 'n blokkie hout wat as 'n toegangskaartjie gebruik is vir 'n fees of koninklike byeenkoms. Die betekenis van die wit klippie in vers 17, is dat dit die toegangskaartjie is vir 'n gelowige na die beloofde Messiaanse fees – die fees waar die verborge manna geët sal word. Die Naam van die Messias sal in so 'n geval op die klippie verskyn.

'n Derde moontlikheid is die gebruik in die antieke Oosterse wêreld om 'n hangertjie om die nek te dra. Dit is gewoonlik van klip, hout of ivoor gemaak met 'n geheimsinnige naam daarop gegraveer. Dit dien dan as beskerming. Indien die draer van die hangertjie die geheimsinnige naam kon uitlê, kon hy hom teen bose geeste handhaaf.
Die nuwe naam op die klippie verwys na dié van Jesus Christus. Die Christen is 'n mens wat 'n naamsverandering ondergaan het [vgl. Gen.32:28; Jes.62:2].

6. Volgens Matteus 19:28 praat Jesus oor die Seun van die Mens wat op sy koninklike troon sit, net soos dié wat Hom gevolg het op twaalf trone sal sit. Openbaring 3:21 moet simbolies verstaan word. Wie oorwin, sal saam met Christus deel in sy heerlikheid en saam met Hom heers [Op.20:4; 22:5].
   Wat Christus betref, dui die troon in die eerste plek sy koningskap aan. Daarna teken dit Christus op die troon, besig om te oordeel. In Openbaring is die troon beeld van die oorwinnende gelowiges wat saam met God en Christus sal regeer [3:21; 20:4].

****